# REDAKSIONEEL

## DE HERMENEUTISCHE THEOLOGIE VAN H. KUITERT

In hierdie uitgawe verskyn 'n artikel van dr. H. Bremmer, predikant van die Geref. Kerk Enschede (Vrygemaakt), uitnemende teoloog en dogmatikus, soos sy skerpsinnige insig in die teologie van prof. H. Kuitert bewys. Hierdie artikel is bevatlik en indringend geskrywe en gee 'n oorsig oor die ontwikkeling van Kuitert se teologiese denke — een van dié teoloë uit die GKN wie se opvattings tot in die Geref. Ekumeniese Sinode weerklank gevind het en die GKN (sinodaal) innerlik beroer het. Uit die pers het ons verneem dat die Sinode van die GKN onlangs 'n rapport oor Skrifgesag eenparig aanvaar het waarin die gesag van die Skrif as *relasioneel* tussen die objektiewe pool (God) en die subjektiewe pool (die mens) gestel word. Die verslag is 86 bladsye lank en verdien seker ernstige oorweging. Die GES het besluit oor die GKN en sy handhawing van die Gereformeerde leer volgens art. V van die GES-konstitusie in afwagting van hierdie rapport en besluit uitgestel. Die ewewigtige en logiese analise wat dr. Bremmer van die dilemma van prof. Kuitert gee, maak die artikel nog meer belangrik.

## KONTEMPORÊRE GESKIEDENIS VAN DIE GKSA

'n Paar artikels in hierdie uitgawe is geskrywe vir studiegroepe van die S.A. Kerkhistoriese Werkgemeenskap wat elkeen die studiestukke gebruik het in die opstel van meer oorsigtelike en samevattende voordragte oor kontemporêre kerkgeskiedenis wat voor die kongres te Stellenbosch in 1979 gelewer is. Ds. P. W. Bingle van Kaapstad wat in besonder met die insameling van die basiese studiestukke belas was, het aan *In die Skriflig* die artikels besorg. Aangesien hierdie artikels kontemporêre kerkgeskiedenis probeer beskryf, geniet dit waarskynlik breër belangstelling. Skrywer hiervan het een van die basiese oorsig-artikels gelewer en wil opmerk (dit geld vir ander skrywers seker ook) dat die artikels destyds in groot haas met die oog op kontrole en gebruik deur ander persone geskrywe is. As sodanig kan dit nie op volledigheid, ewewigtigheid en afgerondheid aanspraak maak nie. Prof. G. P. L. v. d. Linde en dr. J. H. van Wyk het referate voor die kongres van 1979 gelewer. Die referaat van dr. J. H. van Wyk het reeds *In die Skriflig* Jrg. 14, Nr. 54, Junie 1980 verskyn: „'n Oorsig oor die na-oorlogse teologiese ontwikkeling in die GKSA".

## KENNISGEWING GTV JAARVERGADERING

Die Jaarvergadering van die GTV word beplan vir 9 Junie 1981 om 09h00 te Pretoria-Oos. Verdere besonderhede oor koste sal later bekend gemaak word. Intussen moet voornemende besoekers die datum reserveer.

Die onderwerpe wat behandel sal word is soos volg:

„Die Skrifopenbaring omtrent die goddelike verkiesing" — *Referent:* Prof. Christi Coetzee.

„Die plek van die geloofsekerheid in die prediking, pastorale sorg, evangelisasie en sending in die lig van die verkiesing van God" — *Referent:* Prof. J. A. van Rooy.

A. J. DU PLESSIS (Sekretaris GTV Hoofbestuur).

## DIE GTV EN „IN DIE SKRIFLIG"

Uit die finansiële state blyk dat die reserwefondse hoogstens drie van vier uitgawes in 'n jaar kan dek. Aangesien *In die Skriflig* trag om die uitdra van die gereformeerde teologie te dien en geen advertensies aanbied nie, moet die koste deur intekengeld en donasies gedra word. In die lig hiervan stuur die Hoofbestuur andermaal omsendbriewe aan die kerke uit. In die Skriflig betaal ook op gesette tye 'n bedrag per intekenaar aan die Hoofbestuur oor om hulle werksaamhede te bekostig. Sonder donasies moet die intekengeld verhoog word.

Die Hoofbestuur vra andermaal dat die GTV-takke, waarvan daar tans ongeveer 10 bestaan, deur middel van *In die Skriflig* aandag op hulle werk vestig. In hierdie opsig is die gereelde opstuur van voordragte, akademiese prestasies van GTV-lede, boekbesprekings, deelname aan diskussie ens. uiters gewens.

Die werwing van intekenaars, selfs buite die geledere van die GTV en Geref. kerke, bevorder die blad sowel as behoorlike dialoog tussen mense van verskillende kerke. Dit is tragies om te merk hoe outeurs aan verskillende teologiese skole byna „skools" net van publikasies uit eie geledere kennis neem en tog oordele oor standpunte buite eie geledere vel. Hierdie feit verraai 'n selfgesentreerde opset, selfs wanneer daar 'n „gesprek met ander kerke" en bekommernis oor die „eenheid van die kerk" skynbaar gaande is.

## GELUKWENSING

Prof. L. F. Schulze en dr. J. H. van Wyk het ondertussen aan die Teologiese Skole te Potchefstroom en Hammanskraal, onderskeidelik, diens aanvaar. Ons bid hulle die seën van die Here op hierdie arbeid toe.